



It starts with a story...

## Weave your story magic

When we tell our children stories, we spark in them a love of stories. This encourages them to read so that they can discover the stories in books.

One of the ways to make sure that story times are fun and interesting for your children, is by making up your own stories with them. If you've never done this before, John McCormick, author of *Dad, Tell Me a Story*, offers some advice based on his own experience with his sons.

“ Start by asking your children what they want the story to be about. Tell them to say the very first idea that comes into their minds. Do you know what they will say? I do, because children always say the same thing at first: “I don't know.” But don't let them off the hook, encourage them by saying, “Come on, guess. Give me the first idea that pops into your mind.” And your children will.

Even when you come up with a good idea for a story, you're probably going to get stuck part way through. Many times I've got to the halfway point of a story with no idea how to finish on a high note or with a flourish. What do you do? If you get stuck part way through the story, stall for time by asking your children, “Guess what happened next?”

If your children give you a good idea for a direction to take your story, use it. They'll be very excited to hear that you liked their idea and that they've contributed to the story. Even if your children's idea doesn't work, the pause will give you time to think of a new direction for your story! Or perhaps your children's idea isn't quite what works, but close. You can say, “That's a good way to end the story. Here's a similar idea I came up with. Let me know what you think.”

Always remember that our stories do not have to be perfect. The wonder of storytelling is that you will leave your children with a gift they will always treasure . . . the memories of spending time with you making up wonderful and fantastic stories.

You can read more about John McCormick's ideas about family storytelling in his book, *Dad, Tell Me a Story*, and at [www.dadtellmeastory.com](http://www.dadtellmeastory.com). For more tips and ideas on storytelling, go to [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).

## Toor met stories

Wanneer ons vir ons kinders stories vertel, kweek ons 'n liefde vir stories by hulle. Dit moedig hulle aan om te lees sodat hulle die stories in boeke kan ontdek.

Een van die maniere om seker te maak dat stories interessant en prettig is vir kinders, is om julle eie stories saam op te maak. As jy dit nog nooit voorheen gedoen het nie, gee John McCormick, skrywer van *Dad, Tell Me a Story*, raad op grond van sy eie ervaring met sy seuns.

“ Begin deur vir jou kinders te vra waarvoor hulle wil hê die storie moet gaan. Sê vir hulle om die heel eerste idee wat in hulle koppe kom te sê. Weet jy wat sal hulle sê? Ek weet, want kinders sê altyd dieselfde ding eerste: “Ek weet nie.” Maar moet hulle nie hiermee laat wegkom nie. Moedig hulle aan deur te sê: “Komaan, raai. Sê vir my wat die eerste ding is wat in jou kop kom.” En jou kinders sal.

Sels al kom julle met 'n goeie idee vir 'n storie vorendag, gaan jy waarskynlik halfpad vasval. Ek het al baie keer halfpad deur 'n storie gekom, en dan geen idee gehad hoe om dit op 'n hoë noot of spoggerig te laat eindig nie. Wat doen jy dan? As jy halfpad deur die storie vasval, koop tyd deur vir jou kinders te vra: “Raai wat gaan volgende gebeur?”

As jou kinders vir jou 'n goeie idee gee om jou storie in 'n sekere rigting te stuur, gebruik dit. Hulle sal baie opgewonde wees om te hoor jy het van hulle idee gehou en dat hulle 'n bydrae tot die storie gemaak het. Sels al werk jou kinders se idee nie, sal die blaaskansie jou 'n kans gee om aan 'n nuwe rigting vir jou storie te dink! Of dalk werk jou kinders se idee nie heeltemal nie, maar amper. Jy kan sê: “Dis 'n goeie manier om die storie af te sluit. Hier's my idee. Sê vir my wat julle daarvan dink.”

Onthou altyd dat ons stories nie perfek hoef te wees nie. Die wonder van stories vertel, is dat jy jou kinders 'n geskenk sal gee wat hulle altyd sal koester . . . die herinneringe van tyd wat hulle saam met jou deurgebring het om wonderlike stories op te maak.

Jy kan meer oor John McCormick se idees lees oor stories vertel vir jou gesin in sy boek, *Dad, Tell Me a Story*, en by [www.dadtellmeastory.com](http://www.dadtellmeastory.com). Vir meer wenke en idees oor stories vertel, gaan na [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).



Drive your imagination

Read to me. Every day.  
Lees vir my. Elke dag.





Drive your imagination

## Your story

Here is a beautiful drawing inspired by *Nal'ibali*, and some heartfelt writing sent in by two of our readers. We hope you enjoy them!

### My little sister

I remember the day mom brought you home. I remember how cute and adorable you were and as I held you in my hands that day, millions of thoughts came into my mind. You had finally arrived into our family and things would never be the same again. You had finally come to take my position of being *iphelo* which is the last born of the family. But I did not mind. Not at all! Because I was so excited to have a sister. A beautiful and kind sister. We lived and I watched you grow very fast. I changed your nappies and I bathed you. I fed you and I played with you. You loved me and I loved you more, my little sister.

My little adorable sister, today you're 8 years old and you keep on shining bright every day. Your voice is my melody and your smile brightens up my day. You call me every week when I'm at school just to say that you miss me. We've had our little fights because you don't always listen, but that's okay because after every fight we've had, we always kiss and make up. My little sister, you inspire me. You are the reason why I want to write stories and poems for young children like yourself and express my love every day.

*Ntombovuyo Ngaphu, Umtata, Age: 19*

*Aneve Msezane, Siyaphaphama Reading Club, Nongoma*

*Aneve Msezane, Siyaphaphama-leesklub, Nongoma*



## Jou storie

Hier is 'n pragtige tekening wat deur *Nal'ibali* geïnspireer is, en 'n opregte skryfstuk wat deur twee van ons lesers ingestuur is. Ons hoop jy geniet dit!

### My kleinsus

Ek onthou nog die dag toe mamma jou huis toe gebring het. Ek onthou hoe oulik en dierbaar jy was, en toe ek jou daardie dag vasgehou het, het miljoene gedagtes deur my kop gegaan. Jy het uiteindelik in ons gesin aangekom en niks sou ooit weer dieselfde wees nie. Jy het uiteindelik my plek as *iphelo* ingeneem – die een in die gesin wat laaste gebore is. Maar ek het nie omgee nie. Glad nie! Want ek was so opgewonde om 'n sussie te hê. 'n Pragtige, liewe sussie. Ons het geleef, en ek het gekyk hoe vinnig jy groei. Ek het jou doeke geruil en jou gebad. Ek het jou gevoer en met jou gespeel. Jy was lief vir my en ek was nog liefier vir jou, my kleinsus.

Vandag is jy 8 jaar oud, my dierbare klein sussie, en jy skyn elke dag helder. Jou stem is my melodie en jou glimlag kikker my dag op. Jy bel my elke week wanneer ek by die skool is, net om te sê

jy verlang na my. Ons het al ons onderonsies gehad, want jy luister nie altyd nie, maar dit maak nie saak nie, want na elke uitval maak ons sommer gou weer vrede. Jy inspireer my, my liewe kleinsus. Jy is die rede waarom ek stories en gedigte vir jong kinders soos jy skryf en elke dag my liefde uitdruk.

*Ntombovuyo Ngaphu, Umtata, Ouderdom: 19*

**Why don't you also send us your writing and pictures? You'll stand a chance of having them published in the *Nal'ibali* supplement, or on the *Nal'ibali* website. (Remember: it has to be all your own work!) Send them to: [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org), or PRAESA, Suite 17–201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700.**

### Waarom stuur jy nie ook vir ons jou skryfwerk en tekeninge nie?

Daar is 'n kans dat ons dit in die *Nal'ibali*-bylae of op die *Nal'ibali*-webwerf sal publiseer. (Onthou: dit moet alles jou eie werk wees!) Stuur dit aan: [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org), of PRAESA, Suite 17–201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wyecroftweg, Mowbray, 7700.



### Send us your reading moments and WIN!

Whether it's a photo of your child enjoying a bedtime story or a picture of them reading their first book, send us your children's reading moments to inspire others to create reading moments with their children too. Simply email your reading moment picture to [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org), or share it on Twitter using the hashtag #ReadingMoments. If selected, your photo will appear on the *Nal'ibali* Facebook page, and you will receive a book to enjoy with your children, as well as a *Nal'ibali* T-shirt!

### Stuur jou leesomblikke vir ons en WEN!

Of dit 'n foto is van jou kind wat 'n slaapydstorie geniet, of 'n foto van hom of haar wat hulle eerste boek lees, stuur vir ons jou kinders se leesomblikke om ander te inspireer om ook leesomblikke met hulle kinders te skep. Stuur bloot 'n foto van jou leesomblik per e-pos aan [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org) of deel dit op Twitter deur die handvatsel #ReadingMoments te gebruik. As dit gekies word, sal jou foto op die *Nal'ibali* Facebook-blad verskyn, en jy sal 'n boek ontvang om met jou kinders te deel, asook 'n *Nal'ibali* T-hemp!




### Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

### Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie


1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



... through the tunnel ...  
 ... stop deur die tunnel ...



"This is a tunnel. You walk in on  
 the one side, ...  
 "Dit is 'n tunnel. Jy gaan aan die  
 een kant in, ..."



Fold

**About the author**

*Tuft and Patch play games* is part of a series of books by Wendy Hartmann.

Wendy, who has had more than 40 children's books published, lives in Table View. Apart from writing, she also paints.


In 2007 her book *Nina and Little Duck* was awarded the coveted M.E.R. Prize for illustrated children's books.

Her book *In a House, in a House* was on the shortlist for the 2010 M.E.R. Prize and *Just Sisi* won the 2011 M.E.R. Prize for best illustrated children's book.

*Sisi Goes to School*, published by Human & Rousseau, is her latest book and is in bookstores now.




Tuft and Patch  
 play games  
 Donsie en Lappies  
 speel speletjies



Wendy Hartmann

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)




Fold

... swing backwards and forwards."  
... swaai vorentoe en agtertoe."




... and out on the other side."  
... en kom aan die ander kant uit."



"Hello, Tuft," said Patch. "I have some games to show you."

"Hallo, Donsie," sê Lappies. "Ek het 'n paar speletjies om jou te wys."



"I am so glad you are my pet, Patch."

"Ek is so bly jy is my troeteldier, Lappies."


“And this,” said Tuft to Patch,  
“En dit,” se Donsie vir Lappies,



“And this is a swing. You sit in the  
middle and ...  
“En dit is 'n swaai. Jy sit in die  
middel en ...




Fold



Tuft followed his pet python.  
Donsie volg sy troetelslang.

Fold

... and slide down,  
down,  
"down."  
... en gly af,  
af,  
af.



Fold ↩

"is a hug."  
"is 'n drukkie."



"This is a slide," said Patch. "You climb to the top ...

"Dit is 'n glyplank," sê Lappies. "Jy klim tot bo ...



"You hold both sides and squeeze," said Tuft.

"Jy hou albei kante vas en druk," sê Donsie.

Fold ↩ 6



## Get story active!

*Tuft and Patch play games* has been written especially for younger children. Below are some ideas to try out as you read the story with them. Draw their attention to the details in the illustrations and the story by commenting on them or asking questions such as the following.

- **page 2:** (Point to the yellow bird.) Look at Tuft. What do you think he is doing?
- **pages 4 and 5:** (Point with your finger to show Tuft going down.) Look, Tuft is sliding down Patch! Do you think he's going quickly or slowly? Do you like going down a slide?
- **pages 6 and 7:** (Point with your finger to show Tuft going backwards and forwards.) Look at Tuft swinging backwards and forwards, backwards and forwards. Let's swing our arms backwards and forwards.
- **page 9:** Where do you think Tuft is?
- **page 10:** (Point to Tuft before reading the words.) Oh look, there he is!
- **page 13:** Look, Tuft is giving Patch a hug. Let me hug you too!

Here are some ideas for using *Tuft and Patch play games* with older children.

- Let them read the book in their mother-tongue first and then in the other language of the supplement.
- Can they think of other games Patch and Tuft could play using Patch's body? Encourage the children to draw pictures of these games. They can then write about their pictures.

## Raak doenig met stories!

*Donsie en Lappies speel speletjies* is spesifiek vir jonger kinders geskryf. Hier volg 'n paar goed wat jy kan doen en sê terwyl jy die storie saam met hulle lees. Vestig hulle aandag op die besonderhede in die illustrasies en die storie deur opmerkings daarvoor te maak of vrae soos die volgende te vra.

- **bladsy 2:** (Wys na die geel voël.) Kyk na Donsie. Wat dink jy doen hy?
- **bladsy 4 en 5:** (Wys met jou vinger hoe Donsie afgly.) Kyk, Donsie gly by Lappies af! Dink jy hy gly vinnig of stadig? Hou jy daarvan om by 'n glyplank af te gly?
- **bladsy 6 en 7:** (Wys met jou vinger hoe Donsie vorentoe en agtertoe swaai.) Kyk hoe swaai Donsie agtertoe en vorentoe, agtertoe en vorentoe. Kom ons swaai ons arms agtertoe en vorentoe.
- **bladsy 9:** Waar dink jy is Donsie?
- **bladsy 10:** (Wys na Donsie voor jy die woorde lees.) O, kyk, daar is hy!
- **bladsy 13:** Kyk, Donsie gee vir Lappies 'n drukkie. Kom ek gee vir jou ook 'n drukkie!

Hier volg 'n paar idees oor hoe om *Donsie en Lappies speel speletjies* met ouer kinders te deel.

- Laat hulle die boek eers in hulle moedertaal lees en dan in die ander taal van die bylae.
- Kan hulle aan ander speletjies dink wat Lappies en Donsie met Lappies se lyf kan speel? Moedig die kinders aan om prente van hierdie speletjies te teken. Hulle kan dan oor hulle prente skryf.

## Make a mobile

Make your own Tuft and Patch mobile. Cut along the dotted line and watch Patch uncurl! Hang up your mobile from the tail-end of Patch's body.

## Maak 'n bewertjie

Maak jou eie Donsie-en-Lappies-bewertjie. Knip al langs die stippellyn uit en kyk hoe Lappies afro! Hang jou bewertjie aan Lappies se stertkant op.



## Reading club corner

September is a month with lots of opportunities for you to celebrate books, writing and reading! Look out for our next supplement and join us in celebrating International Literacy Day. You might also choose one or two of the other days to celebrate. You could choose to read a traditional South African story as well as stories that have something to do with Spring (or new beginnings), trees and pirates this month. Or, read a story in one language and then translate it into another.

<b>September</b>	Heritage month
<b>1-6 September</b>	National Book Week
<b>1-7 September</b>	Arbor Week
<b>1 September</b>	Spring Day
<b>8 September</b>	International Literacy Day
<b>15 September</b>	International Democracy Day
<b>19 September</b>	International Talk-like-a-pirate Day
<b>24 September</b>	Heritage Day
<b>30 September</b>	Translation Day



## Leesklubhoekie

September is 'n maand met baie geleenthede vir jou om boeke, skryf en lees te vier! Kyk uit vir ons volgende bylae en vier Internasionale Geletterdheidsdag saam met ons. Jy kan dalk ook een of twee ander dae kies om te vier. Jy kan hierdie maand kies om 'n tradisionele Suid-Afrikaanse storie te lees, of stories wat iets met lente te doen het (of 'n nuwe begin), of stories oor bome of seerowers. Of lees 'n storie in een taal en vertaal dit dan in 'n ander taal.

<b>September</b>	Erfenismaand
<b>1-6 September</b>	Nasionale Boekeweek
<b>1-7 September</b>	Boomplantweek
<b>1 September</b>	Lentedag
<b>8 September</b>	Internasionale Geletterdheidsdag
<b>15 September</b>	Internasionale Demokrasiedag
<b>19 September</b>	Internasionale Praat-soos-'n-seerower-dag
<b>24 September</b>	Erfenisdag
<b>30 September</b>	Vertaaldag

## Story corner

Here is the second part of a well-known traditional story about a special bird and a greedy woman. Enjoy reading it aloud or retelling it.

### The guinea fowl that laid golden eggs (Part 2)

Retold by Helen Brain

Every morning after that the family found a golden egg in the cage. Soon they had everything their hearts desired: a new house, a shiny black car, a big screen TV, and lots of lovely clothes to wear. Every night they feasted on the best food, and everyone in their town envied them.

But Pumla wasn't happy. "I want more things! Guinea Fowl, lay me two eggs a day," she demanded.

"I can only lay one egg per day," squawked the bird.

"But I need a bigger house," Pumla said. "I want a better car – a red one this time, and I want to travel around the world, and ..."

"But we are so rich," grumbled Mzi. "Why can't you just be happy?"

"I want more," said Pumla. "I want two eggs every day. I want to be the richest person in the whole country."

"Well, I can't," clucked the guinea fowl. "I can only lay one egg a day."

"You have to," said Pumla, waving the axe. The guinea fowl was so scared its legs wobbled and then ... it pushed and strained and squawked and squeaked and ... out popped another egg! Every day it managed to squeeze out two eggs.

A few weeks later Pumla was dissatisfied again. "I want three eggs a day," she said. "I want to be the richest person in the whole of Africa."

"I can't lay three eggs a day," gasped the guinea fowl.

"Try harder!" shrieked Pumla. "Give me three eggs right this minute, or I will chop off your head!"

The frightened guinea fowl squawked and then it pushed and strained and out popped one egg. Then it pushed and strained and squeezed and squawked and finally out popped a second egg.

"One more," shouted Pumla, "or I will chop you into little bits!"

The guinea fowl pushed and strained and pushed and strained again, and suddenly ... she fell over dead.

"Now see what you've done!" shouted Mzi. "The poor guinea fowl is dead."

"Let's cut it open," cried Pumla. "It must be full of eggs." She grabbed a knife and cut open the guinea fowl's stomach. But, there were no eggs inside, and they never found a golden egg again.

Tell us if you liked the story, *The guinea fowl that laid golden eggs* – SMS "Bookmark" with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.

## Storiehoekie

Hier volg die tweede deel van 'n bekende tradisionele storie oor 'n spesiale voël en 'n gierige vrou. Geniet dit om dit hardop te lees of oor te vertel.

### Die tarentaal wat goue eiers gelê het (Deel 2)

Oorvertel deur Helen Brain

Elke oggend daarna kry die gesin 'n goue eier in die hok. Sommer gou het hulle alles wat hul harte begeer: 'n nuwe huis, 'n blink swart motor, 'n groot skerm-TV, en baie pragtige klere. Elke aand smul hulle aan die beste kos, en almal in hulle dorp is jaloers op hulle.

Maar Pumla is nie gelukkig nie. "Ek wil nog goed hê! Tarentaal, lê vir my twee eiers per dag," eis sy.

"Ek kan net een eier op 'n dag lê," krys die voël.

"Maar ek het 'n groter huis nodig," sê Pumla. "Ek wil 'n beter motor hê – hierdie keer 'n rooie, en ek wil om die wêreld reis, en ..."

"Maar ons is so ryk," mor Mzi. "Waarom kan jy nie net gelukkig wees nie?"

"Ek wil meer hê," sê Pumla. "Ek wil elke dag twee eiers hê. Ek wil die rykste persoon in die hele land wees."

"Wel, ek kan nie," kloek die tarentaal. "Ek kan net een eier 'n dag lê."

"Jy moet," sê Pumla, en swaai die byl. Die tarentaal is so bang haar bene bewe en toe ... druk en kreun en krys en piep sy, en ... toe lê sy nog 'n eier! Sy kry dit reg om elke dag twee eiers uit te druk.

'n Paar weke later is Pumla weer ontevrede. "Ek wil drie eiers per dag hê," sê sy. "Ek wil die rykste mens in die hele Afrika wees."

"Ek kan nie drie eiers per dag lê nie," hyg die arme tarentaal.

"Probeer harder!" gil Pumla. "Gee op die daad vir my drie eiers, of ek kap jou kop af!"

Die vreesbevange tarentaal krys en toe druk en kreun sy en lê 'n eier. Toe druk en kreun en druk en kreun sy weer en uiteindelik lê sy 'n tweede eier.

"Nog een," skree Pumla, "of kap jou in klein stukkes!"

Die tarentaal druk en steun en druk en steun weer, en skielik ... slaan sy morsdood neer.

"Kyk nou wat het jy gedoen!" skree Mzi. "Die arme tarentaal is dood."

"Kom ons sny haar oop," skree Pumla. "Sy moet vol eiers wees." Sy gryp 'n mes en sny die tarentaal se maag oop. Maar daar is geen eiers in haar maag nie, en hulle het nooit weer 'n goue eier gevind nie.

Vertel vir ons of jy van die storie, *Die tarentaal wat goue eiers gelê het*, gehou het – SMS "Bookmark" met jou naam en kommentaar na 32545. R1,00 per SMS.



Illustration by Samantha van Riet  
Illustrasie deur Samantha van Riet

### In your next Nal'ibali supplement:

- Things you need to know about literacy
- A cut-out-and-keep book, *I know that!*
- Ideas for celebrating International Literacy Day
- A special Nal'ibali International Literacy Day poster

Don't have time to get to the library or running out of stories to share with your little ones? Visit [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) to access stories on your phone – anywhere, anytime – and in a range of South African languages! (Standard data rates apply.)

Find us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)  
Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)



### In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Dinge wat jy van geletterdheid moet weet
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie, *Ek weet dit!*
- Idees om Internasionale Geletterdheidsdag te vier
- 'n Spesiale Nal'ibali-plakkaat vir Internasionale Geletterdheidsdag

Is jy te besig om biblioteek toe te gaan of het jy nie meer stories om met jou kleingoed te deel nie? Gaan na [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) om enige plek, enige tyd, en in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale, op jou foon toegang tot stories te kry! (Standaardtariewe geld.)

